

Sondag 5 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 1:1, 12-18

**Fokusgedeelte: Jakobus 1:1, 17-18
(vgl. DL**

/4:14; HK 20)

Waar kom geloof vandaan?

Ons praat dikwels van onself as “gelowiges”. Maar waar kom geloof dan vandaan? Die skrywer Jakobus word allerweë gereken as Jesus se “halfbroer” (Mark. 6:3). Maar volgens Johannes 7:5 het hy nie in Jesus geglo nie! En tog, hier in Jakobus 1:1 stel hy homself bekend as ’n “dienskneg van die Here Jesus Christus”. Hy het van ongelowige na gelowige verander (vgl. 1 Kor. 15:7)!

Die bekeerde Jakobus laat geen twyfel wáár geloof vandaan kom nie – nie van die mens af nie, maar van “bo af, van die Vader ...” (Jak. 1:17, 18). Die grootste gawe is sy Seun: “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo ... die ewige lewe kan hê” (Joh. 3:16).

Die Dordtse Leerreëls hoofstuk 3/4:14 sluit hierby aan: “So is die geloof dan ’n gawe van God – nie omdat dit aan die vrye wil van die mens deur God aangebied word nie, maar omdat dit inderdaad aan die mens meegegee, ingegee en ingestort word.” Sondag 18-20 bely: Die Heilige Gees as derde Persoon van die Goddelike Drie-eenheid word deur Christus vanaf die regterhand van God gestuur sodat ons aan die weldade van Christus kan glo. Troostend (HK 1) bly Hy ewig by ons.

Jakobus (1:17b) sê dat God wat die geloof gee, die “Vader van die ligte” is. God is as Skepper almagtig genoeg om die wonder van die geloof in ’n ongelowige te laat plaasvind! God kán ’n klipharde ongelowige hart verander in “*n hart van vlees*” (Sb. 8-1:1).

Jakobus (1:17c) sê dat by God “geen verandering of skaduwee van omkering is nie”. Die hemelligte (son/maan) maak skaduwees wat voortdurend verander soos wat die dag/nag vorder. God is nie só nie! God gee nie sy gawes eers van hierdie kant, keer dan om en gee weer van ’n ander kant nie. God is onveranderlik. Sy beloftes is vas en seker; sy “ja” is “ja”! Sy goedertierenheid is ewig! God gee van Bo deur sy Gees die gawe van die geloof. Eenmaal God se kind, áltyd God se kind!

Ons is volgens God se wil verwek (of weergebore) deur die woord van die waarheid om eersteling (of eerste vrugte) van sy skepsels (of sy oes) te wees (Jak. 1:18).

Sing: Skrifberyming 8-1:1 ,2

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)